

HOOFSTUK 3.

Die aard van die opvoeding en onderwys in samhang met die verskillende lewens- en wêreldbeskouinge.

1. Prinsipiële uitgangspunt.

Nadat ons 'n algemene sosiologiese beskouing oor die opvoeding en onderwys gegee het, gaan ons nou oor tot ons prinsipiële uitgangspunt en aanvaar ons die organiese of genetiese opvatting oor die opvoeding volgens die Calvinistiese standpunt.

Talle pedagoë wat die wysbegeerte beoefen, het reeds aangetoon dat 'n opvoedingsbeskouing gegrond is in 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing ¹⁾. Die innige verwewing van lewensbeskouing en opvoedingsrigting maak dat 'n verskillende lewensbeskouing sy soortgelyke opvoedingsbeskouing, en dat alle opvoedingsbewegings elkeen sy fundamentele lewensbeskouing het ²⁾. Die onderskeie lewens- en opvoedingsbeskouinge kom tot openbaring in bepaalde onderwysstelsels.

Die Teoretiese Opvoedkunde werp dan die lig op die „teorieë oor die opvoeding, die beginsels en norme van die opvoeding, die wysgerig-wetenskaplike onder- en agtergrond van die opvoeding as verskynsel in die menslike lewe“ ³⁾, wat per slot van rekening dié onderdeel is waarop die wetenskaplik-opvoedkundige stelsel berus.

Die ander dissiplines van die Opvoedkunde is die

-
1. De Hovre, F.: Paedagogische Wijsbegeerte. Een Studie in de moderne levensbeschouwingen en opvoedings-theorieën; L.C.G. Malmberg, 's-Hertogenbosch-Antwerpen, 1924; p. vii.
 2. Coetzee J. Chr.: Inleiding tot die algemene Teoretiese Opvoedkunde; Die Verkennerreeks, nr.7; Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch, 1944; p. 32.
 3. Ibid., p. 14.

historiese, die empiriese en die praktiese opvoedkunde, wat die feite oplewer en hulle verklaring vind in die Teoretiese Opvoedkunde, wat m.a.w. die opvoedkundige feite, verskynsels, gegewens en vraagstukke normatief, prinsipieel en wysgerig ondersoek om die samehang en verband te ontdek, bloot te lê, te toets en vas te lê in 'n geformuleerde sisteem.

Die ontwerp van 'n opvoedkundige sisteem is die taak van die teoretiese opvoedkundige en vereis 'n deeglike ondersoek van die hele studiegebied van die Opvoedkunde, wat ons kortliks soos volg saamvat :

- a. Die opvoedingsbeskouing is gegrond in die lewensbeskouing en die sin en betekenis van die opvoeding self.
- b. Die Opvoedkunde is opgebou uit: grondwetenskappe, o.a. die godsdienstige, die wêreldbeskouende, die kennisbeskouende, die etiese, die logiese, die estetiese, en hulpwetenskappe, o.a. die Psigologie, die Sosiologie, die Politiek, die Biologie, die Fisiologie. Die grondwetenskappe lewer die norme vir die Teoretiese Opvoedkunde, terwyl die hulpwetenskappe die empirie, die feite lewer wat gebuig word onder die norme van die Teoretiese Opvoedkunde, en wel soos die teoretiese opvoedkundige sy wetenskap beoefen volgens eie eise en metodes om die feitlike gegewens uit sy hulpwetenskappe te haal.
- c. Besinning oor die grondvrae van die opvoeding, o.a. die moontlikheid en noodsaaklikheid van die opvoeding; die vraagstuk van dissipline (tug) en vryheid in die opvoeding; toetsing en meting om die opvoedingsresultaat vas te stel; wie en wat die twee pole in die opvoeding is; administrasie en organisasie.

Teen hierdie agtergrond is ons probleem om in die lig van die wysgerige siening 'n ondersoek in te stel en aan te toon in watter mate die sosialistiese lewens- en wêreldbeskouing sterk na vore tree deur die oorbeklemtone van die sosiologiese aspek in die opvoeding, d.i. die Opvoedkundige Sosiologie, soos dit in die laerskool tot openbaring kom t.o.v. die opvoedingsdoel, die mensbeskouing, die samestelling van die kurrikulum, die metode en tug en die organisasie van die opvoeding en onderwys van die Sosiale Studies.

2. Indeling van die verskeidenheid van lewens- en wêreldbeskouinge waarop die opvoedingsbeskouinge rus en tot openbaring kom in bepaalde onderwysstelsels.

Die groot variasie in lewens- en opvoedingsbeskouinge verdeel ons in twee breë trekke, nl. die Christelike en die nie-Christelike of Humanistiese lewens- en opvoedingsbeskouinge. Onder die Christelike groepeer ons die Teosentriese beskouinge, wat almal die Bybelse waarhede aanvaar. Om daarteenoor die nie-Christelike beskouing, dit is die Humanistiese sonder meer as a-religieus of, anti-religieus te tipeer is ook nie korrek nie, want, om 'n voorbeeld te noem, kry ons in die verskeidenheid o.a. by die Realisme 'n tweede skool, nl. die Christelike Realisme, wat die teosentriese lewens- en opvoedingsbeskouing van die Rooms-Katolieke verteenwoordig. Voorts is daar tussen die Teosentriese en die Humanistiese lewensbeskouinge o.a. ook nog die Mohammedanisme.

Met al die variasies in lewens- en wêreldbeskouinge, is dit onmoontlik om in uiteensettinge aan al daardie beskouinge reg te laat geskied. In die opset van hierdie

studie is dit noodsaaklik dat ons ons beperk tot slegs enkele van die heersende lewensbeskouinge wat in die Westerse onderwyswêreld 'n prominente plek verower het.

Onder die Christelike as teïsties-georiënteerde lewensbeskouinge ressorteer die Lutherse, die Calvinistiese die Rooms-Katolieke en die Anglikaanse. Net soos ons in die voorgaande variasie in lewensbeskouinge tussen die viertal kan onderskei, so kan ons ook volgens ons indelingskeuse tussen die idealisties- en scientisties-georiënteerde Humanistiese lewensbeskouinge differensieer. By laasgenoemde sluit ons in die Idealistiese, die Realistiese, die Naturalistiese, die Sosialistiese, die Pragmatistiese, en die Eksistensialistiese lewens- en wêreldbeskouinge wat skakel met die Scientisme.

3. Die Christelike lewens- en opvoedingsbeskouing.

a. Uitgangspunt.

Die ooreenstemmende trek by die onderskeie Christelike lewensbeskouinge is dat hulle almal Godgerig is en die God van die Bybel aanvaar, uitgaande van die standpunt dat alles uit God, deur en tot God is. Al hierdie rigtinge het die waarheid op grond van die Godsopenbaring: God is die oorsprong, die middel- en eindpunt van al ons denke, doen en late.

b. Die doel en taak van die Christelike opvoeding.

Die doel van die opvoeding lê in 'n lyn met die uitgangspunt van die Christelike lewensbeskouing as 'n heenwys en heenlei na Bo. Opvoeding is dus Godgerig, 'n heenlei na 'n vaste eindpunt. In onderworpenheid bly die mens aan God gebonde met 'n verantwoordelikheds- en normbesef, wat sy vertikale en horisontale bindinge en verhoudinge tot sy Skepper

en medemens lei en rig.

Teen hierdie agtergrond en met hierdie uitgangspunt het die Christelike opvoeding en onderwys tot taak om volgens die organiese opvatting die kind voor te berei en toe te rus vir sy persoonsroeping.

Omdat alle lewensfunksies in die samelewing tot openbaring kom moet die mens ook gevorm word tot 'n gemeenskapswese. Die lig van die opvoeding staan in die teken van 'n gesonde individualisme, as een onder almal met die fakkel van diens.

Teen hierdie geloofsagtergrond kry ook die opvoeding as praktyk 'n vaste uitgangs- en doelpunt. In sy besondere toepassing het die skool tot taak om op sy eie besondere wyse, volgens sy eie aard en wese die mens harmonies te vorm op verskillende terreine, d.i. die hiërargie van waardes, soos die liggaamlike, verstandelike, emosionele, sosiale, sedelike, estetiese en religieuse, deur die bybring van kennis omtrent die skoonheid van Gods skepping, wat die kind as potensieel geroepene ten aanskoue gegee word, waaraan hy deel het en waarvan hy lid is in sy vorming en ontwikkeling tot verantwoordelike geroopenheid. Met ander woorde, die onderwys van die skool as deel van die opvoeding gaan uit van die standpunt dat die skool 'n sekondêre instelling is en tot taak het die analitiese en estetiese interpretasie van die struktuur van die skoonheid in die Skepping om die potensiele lid van die samelewing te vorm volgens sy oorsprong, aard, roeping en bestemming tot 'n karaktervolle persoonlikheid. Die skool moet hom besin aangaande sy oorsprong, roeping, bestemming en doel.

Hierdie lewens- en opvoedingsbeskouing en die taak van die skool word later in besonderhede behandel.

4. Die Humanistiese lewens- en opvoedingsbeskouing.

a. Uitgangspunt.

Wurth skrywe: „Over heel de linie staan wij in onze dagen midden in de groote worsteling tusschen humanisme en Christendom, een worsteling, waarbij het van zoo groot belang is, daarin op de juiste manier onze positie te bepalen“ ⁴⁾ - veral t.o.v. die opvoeding en onderwys.

Eerstens dan: Wat is die Humanistiese lewensbeskouing? Om 'n samevattende beeld te kry van die variasies in die Humanistiese lewensrigtinge wys ons daarop dat die huidige Westerse beskawing in die onlosmakelike greep van die Eksistensialisme verkeer, wat nou geskakel is met die Scientisme.

Met die uitsondering van die Idealisme, die Christelike Realisme en die Teïstiese Eksistensialisme, wat Teosentries georiënteer is, kan ons die humanistiese lewens- en wêreldbeskouing tipeer as a-religieus, so nie anti-religieus nie, omdat hulle almal die mens stel as die middelpunt en die doelpunt van alle dinge. Oberholzer stel hulle uitgangspunt as „antroposentries en antropotelies“ ⁵⁾.

⁴ Wurth, G.Brillenburg: De antithese in dezen tijd; J.H. Kok, N.V. Kampen, 1940; p. 40.

5. Oberholzer, C.A. : Inleiding in die prinsipiële opvoedkunde; Uitgewery J.J. Moreau & Kie., Pretoria-Brugge, 1954; p. 230.

b. Die doel en taak van die Humanistiese opvoeding.

Die grondbeginsels van die Humanistiese denk- en lewensrigtinge lê verweef in die Opvoedkundige Teorie en praktyk. Dit voed en beïnvloed die opvoedingsbeskouing van die westerse wêreld op 'n diepgaande wyse.

Die besinning oor die doel en taak van hierdie opvoeding in die skool het hom afgewend van die Teosentriese - van die Absolute en Transendente - en die kind as mens en die middelpunt en as einddoel van die opvoeding gestel. Die opvoedingsdoel is kindsentries en sosioentries gerig met beplanning volgens die natuurwetenskaplike sekerheidsideaal. Hiermee word gepoog om sowel die outonome mensideaal as die ideaal gedetermineerde maatskappy te vorm en te ontwikkel.

By die Humanistiese opvoedingsbeskouing het ons te make met 'n mens- en lewensbegrip wat lei tot 'n andersoortige visie oor opvoeding as sinvolle mensebehandeling en -werksaamheid.

Hierdie verskeidenheidsrigtinge in die Humanistiese opvoedingsbeskouing is ineenverweef en word gelei en gerig deur 'n wetenskaplik-tegnologiese planning met die empiriese eksperiment.

Die vertrekpunt in die opvoeding is nie meer die openbaringswaarhede in omvattende benadering van die lewe in al sy uitinge nie maar die ervarings, met die oordrewe klem op die praktiese en nuttigheidsaspekte uit die lewe en tot die lewe van die outonome, vrye, selfskeppende mens as die waarborg en oorsprong van elke norm. Tereg sê Oberholzer, „vir opvoedingsdoeleindes veronderstel dit 'n Eksperimentalisme wat progressivisties moet wees“ ⁶⁾. Dit vereis dat die

6. Oberholzer: Inleiding in die prinsipiële opvoedkunde, p. 232.

ervaringe telkens gerekonstrueer moet word ten einde hulle diensbaar te maak aan die outonome mens-wees deur die verryking van nuwe ontdekkings via die wetenskap weens hulle praktiese, nuttige en lewensbruikbare waarde.

Hierdie ervaringe lei tot nuwe probleme en oplossings met nuwe insigte wat lewensverrykend en selfbepalend inwerk op die afvallige, genivelleerde religieuse tema in die wysgerige mensbeskouing as 'n vergoddelikte wese, nl. die outonome mens, maar tegelykertyd ook tot die oplossing van maatskaplike ontsporinge in die „ideale“ samelewing.

Die diep verantwoordelikheid van die Humanisme verg die harmoniese ontwikkeling en vorming van die hele mens en kind se individuele gawes onder die klem van die norm waarvan die mens die bewuste draer en oorsprong in die belewing en realisering daarvan is. Tereg skrywe Van Riessen oor die verstokte Humanisme as 'n gees van selfhandhawing en selfverlossing vir wie die verlossing deur Jesus Christus 'n dwaasheid is of iets om oor te glimlag ⁷⁾.

Die doel en funksie van die opvoeding staan in die teken van selfhandhawing en -verlossing en in 'n lyn met die nuwe wonders en perspektiewe wat die wetenskap en tegniek bied met beplanning ook op die terrein van die opvoeding, waarmee die lewenswaardes van die geesteswetenskappe genivelleer en eindelik vernietig word: die mens sonder ankers, die ontreddende mens.

7. Van Riessen, Ir. H.: De maatschappij der toekomst; Wever-Franeker, 1953; p. 18.

c. Die variasie in Humanistiese lewens- en opvoedings-beskouinge.

Die verskeidenheid in die Humanistiese lewens- en wêreldbeskouing kom tot openbaring in die volgende rigtings, nl. die Idealisme, die Realisme, die Naturalisme, die Sosialisme en die Pragmatisme, wat elkeen onderling van die ander verskil en deur Oberholzer saamgevat onder die scientisties-georiënteerde lewensbeskouinge. In die moderne tyd vertoon die vertakkinge van die scientistiese lewensvisie sy neerslag op prinsipieel-pedagogiese vraagstukke, waarvan die karakteristieke eienskappe die volgende is: materialisties, naturalisties, ewolusionisties-biologies, positivisties, pragmatisties, eksperimentalisties en progressivisties.

Die Eksistensialisme skakel ten nouste met die karakteristieke eienskappe van die Scientisme en vorm ook die voedings-bodem van die heersende opvoedingsbeskouing, wat sy septer oor die Westerse wêreld swaai en gemanifesteer word in bepaalde onderwysstelsels.

(1) Die Idealisme as pedagogiese wysbegeerte.

Die Idealistiese lewensbeskouing is die vrug van die voortdurende worsteling van die menslike gees met die heelal buite hom. Die neerslag hiervan vind ons in Horne se definisie van die opvoeding nl. „The eternal process of superior adjustment of the mentally developed, free, conscious, human being to God, as manifested in the intellectual, emotional, and volitional environment of man” ¹⁾. Ter verwesenliking hiervan begin

1. Horne, H.: Philosophy of education, 1930, aangehaal deur R.C. Lodge : Philosophy of education; Harper and Brothers Publishers, New York, London, 1937; p. 79-80.

hy met die gesondheid en eindig in die hiërargie van lewenswaardes met die godsdiens as "... the upbuilding of humanity in the image of divinity" 2).

Horne is 'n idealis, wat weerspieël word in sy opvoedingsbeskouing vir die taak van die skool. Om sy doelstelling met die onderwys en opvoeding te bereik is die opvoeding daarop gemik om die kind voor te berei vir sy geestelike bestemming waarom dit vir hom in die lewe van die mensheid gaan - 'n pragtige opvoedingsideaal.

Van groot belang in die taak van die skool is die hiërargie van lewenswaardes waar die godsdiens-tige die hele opset van sy stelsel kleur.

Hierdie doelstellinge volgens sy lewensbeskouing is vervat in die skoolkurrikulum, waarvan die leerstofinhoud die verwesenliking van die lewens-loopbaan van die kind uitmaak.

Die ideale onderwyser is onderlê in die psigologiese, sosiologiese en die fisiologiese grondslae, om deur middel van sy metode van leerstofaanbieding sowel sy lesdoel as die persoonlikheidsvorming, wat die hoogste realiteit is, te bereik. Hiermee mond die funksie van onderwys uit in die staat en die samelewing.

(2) Die Realisme as lewens- en opvoedingsbeskouing.

- (a) Breed 3) stel die uitgangspunt en grondbeginsel van die „nuwe“ Realisme as: „Some essentialists, however, think that a more solid foundation can be built for their philosophy of education in a theory that these objects have a reality independent

2. Coetzee: Inleiding tot die algemene Teoretiese opvoedkunde, p. 37-38, aangehaal uit Horne: Philosophy of Education.

3. Breed, F.S.: Education and the New Realism; The Macmillan Co., New York; 1939.

of mental phenomena. This philosophy is known as realism" 4).

Na aanleiding van die grondbeginsel van onafhanklikheid d.w.s. die redelik onveranderlike van ons kennis en die onafhanklikheid en betreklike standvastigheid van dinge, glo die Realistiese opvoedkundige aan vaste leerplanne en metodes om dit wat geleer is, op wetenskaplike wyse te meet in terme van onderwysresultaat. Hierdie groep is die wetenskaplike Realiste.

Die sedelike opvoeding en karaktervorming is die resultaat van sosiale druk of publieke opinie of selfopgelê deur natuurlike gevolge maar dan so dat karakteropvoeding geen behoefte het aan 'n outoriteit buite die natuur nie.

"Conscience becomes an echo of social custom rather than divine command," sê Brubacher 5).

(b) 'n Trede skool, bekend as die Christelike Realisme, verteenwoordig die teosentriese lewensbeskouing van die Rooms-Katolieke. Ons stel De Hovre, een van die groot kontemporêre eksponente van hierdie lewensbeskouing aan die woord: "De katholicke lewensbeskouing berust vooreerst op een alzijdig werkelijkheidsbegrip. In de levende werkelijkheid houdt de natuur organisch verband met den geest, de mensch met God, het lichaam met de ziel, het individu met de gemeenschap, de natie en de staat met het menschdom en met de kerk, het individu met de persoonlijkheid, het intellect met het wils-

4. Brubacher, J.S.: Modern philosophies of education, 2nd ed.; Mc Graw-Hill Book Co., New York, Toronto, London, 1950; p. 314.

5. Ibid., p. 316.

leven, de wil met redelijkheid, God met de wereld. Die algehele visie over geheel de werklikheid is een kenmerk der katholicke levensbeskouwing"⁶⁾. Die organiese opvatting behels 'n alsydige mensbegrip maar ook 'n alsydige lewensbegrip.

Die Katolieke universalisme is gegrond op 'n gedagtebou van die bo-indiwiduele ⁷⁾ (a) Teosentrisme het God tot beginsel, maatstaf en einddoel as die Absolute, Ware Werklikheid, die Eerste en Laaste gemaak. (b) Die Christosentrisme is die leer waarop die lewende Godmens in die sentrum van die omvattende katholicke antropologie gebaseer is. In die drie beginsels van selfstandigheid, gelykheid en ongelykheid tussen God en mens word die formele grond gevind vir die werklikheidsleer om alle antinomieë te harmonieer. (c) In die Ecclesiosentrisme vind ons die grondpyler van die katholicke sosiologie en is die Roomse kerk 'n benatuurlike instelling as alleensalignakend met sy lering, hiërargie, liturgie en genademiddels. Verder moet die Rooms-Katolieke kerk herkenbaar wees aan bepaalde tekens om sy oorsprong, God, sy stigter, Jesus Christus, en sy doel te kwalifiseer.

6. De Hovre, F: 't Katholicisme, zijn paedagogen, zijn Paedagogiek; 's Hertogenbosch, 1929; p. 9.

7. Oberholzer: Inleiding in die prinsipiële opvoedkunde, p. 201-202.

Die opvoedingsbeskouing lê innig verweef in die Katolieke lewens- en wêreldsbeskouing. „In de Katholieke wereld- en levensbeschouwing is het paedagogisch motief reeds ingeweven 't Katholicisme (was) van huis uit levens - en opvoedingstheorie tegelijk ... De Kerk zelf is een paedagogisch stelsel ... Opvoeding hier gaat in de diene: Ze beoogt de innerlijke omvorming van den mensch, zijn inwijding in de volledige waarheid, zijn inlijving in de Kerkgemeenschap, zijn inzicht in de echte rangorde der levenswaarden, zijn innerlijke kultuur, zijn zieleheil, zijn God-aanhankelijkheid ... opvoeding word een zedelijk-godsdiensstige taak, waar het gaat over de hoogste waarden der wereld: over de ziel van het kind, over de Eeuwigheid, de Christelijke Waarheid, over Kerk en God" 8). Op hierdie lewensbeskouing is die Katolieke opvoedkundige teorie en praktyk gebaseer, soos dit uitgebou word met die definisie van Redden en Ryan: „Education, which is at one and the same time essentially an individual and a social process, must embrace the systematic formation, development, and guidance of all the legitimate powers of man, in conformity with his true nature and according to their essential hierarchy" 9).

8. De Hovre : 't Katholicisme, zijn Paedagogen, zijn Paedagogiek, pp. 415, 416.

9. Redden, J.D.: A Catholic philosophy of Education, by J.D. Redden and F.A. Ryan; Milwaukee, 1942; pp. 6,8.

(3) Die Naturalisme as lewens- en opvoedings-
beskouing.

Die Naturalisme aanvaar in die algemeen slegs die werklikheid van die natuur en die natuurlike wêreld wat uitkristalliseer in die vorme van Materialisme of Ateïsme, Panteïsme, Deïsme en Politeïsme of Rasionalisme ¹⁾.

Binne hierdie kader benader T.P. Nunn ²⁾ in sy filosofiese verhandeling die Naturalistiese opvoeding vanuit natuurwetenskaplike, meer spesifiek die Biologiese ³⁾ gesigspunt analoog met die opvatting dat die bewuste lewe en die lewensgeheel met sy verskynsels 'n ontvouing is van 'n lewensdrif met eienskappe wat alle organismes openbaar. Nunn is 'n toegewyde ewolusionis, wat die natuurlike lewe uit die natuur verklaar.

In hierdie lig is die opvoedingsideaal die outonome ontwikkeling van die individu, gevoed en gevorm volgens die natuur. Nunn is 'n volslae individualis: „Society blind“ soos Stewart dit uitdruk.

Om hierdie doelstelling te verwesenlik is die taak van die skool, sy onderwys, gerig op 'n orde van nabootsing en roetinehandeling, met dissipline na binne gerig as die diepste dryfveer van gedrag. Die kurrikulum omsluit sekere vakke waarvan die aktiwiteite voorsiening maak vir veral individuele beveiliging, selfwaardering as die individuele oneindige waarde vir die eie bestemming tot outonome ontwikkeling en lewensideaal. Nunn se inter-

1. Coetzee: Inleiding tot die algemene Teoretiese Opvoedkunde, p. 55.

2. Nunn, T.P.: Education, its data and first principles; Arnold, London, 1930.

3. Ibid., eerste hoofstuk.

pretasie van die leergange is aktiwiteite „joyous intellectual adventures“ met die „play-way“ metodes ⁴⁾ by die leerstofaanbieding.

(4) Die Sosialisme as lewens- en opvoedingsbeskouing.

i. Die menslike gemeenskap, maatskappy of samelewing is die begin- en eindpunt en lê primêr ingebed in die Sosialistiese lewens- en wêreldbeskouing. As teenvoeter vir die individualisme beklee die individu in hierdie beskouing die sekondêre plek en is tewens die produk van die gemeenskap.

Hiermee het ons 'n verabsoluttering van die „sosiale“, wat ons tipeer as 'n sosiologisme, in lyn met die positivisme van Comte, waarin hy die Sosiologie in die hiërargie van wetenskappe verhef het tot kroonwetenskap en die sluitstuk van die wetenskappe om sodoende 'n beter en gelukkiger wêreld vir die mensheid te voorspel, deur vooruit te sien en dit te konstrueer.

Vanuit hierdie gesigshoek besien die radikale Sosialiste die oorkoepeling van die samelewing en sy kultuur - ja, wêreldomvattend-, die mensheid as die oorsprong en die noodsaaklike voorwaarde vir die verklaring van die mens as enkeling-onderdeelproduk van die sosiale struktuurgeheel. De Hovre beaam hierdie stelling met: „De mensch is een sociaal wezen, niet omdat-hij mensch is, maar hij is mensch, doordien hij een

4. Lodge, R.C.: Philosophy of Education; Harper & Brothers, New York, 1937; p. 211.

sosiaal wezen is" 1).

Omdat die „sosiale“ die tipiese veld van ondersoek van die Sosiologie is 2), en met die sosiokulturele werklikheid te doen het, oorkoepel die menslike samelewing alles as die oorsprong, die doel en die enigste verklaaringsgrond van die menslike lewe. Om dus die sielelewe van die mens te kan verstaan moet ook dit herlei word tot sy sosiale elemente, want „de gemeenskap is de draagster van 't geestesleven“ 3).

In die lig van die voorgaande aanhaling is die mens, sy samelewing en kultuur 'n onverbreeklike eenheid 4) en die groot werklikheid, met arbeid as die sosiale grondslag van die lewe waaruit die denk, gevoel en wil van die mens kristalliseer.

ii. Volgens die Sosialistiese lewensbeskouing lewer die gemeenskap die absolute waardes en norme. In ooreenstemming met die sosialisering van die wysbegeerte lê ingewoef die sosialisering van die opvoeding, wat 'n versosiologisering van die begin en die einde van die opvoeding is op die grondslag van die „sosiale“ - dus eintlik sosiologistiese opvoedkunde.

1. De Hovre : Paedagogische Wijsbegeerte, p. 80.

2. Rooistra, R.: De Gereformeerde theoloog en de Sociologie; T. Wever, Franeker, 1955; p. 30.

3. De Hovre : Paedagogische Wijsbegeerte, p. 80.

4. Van Dyk : Mens en medemens, p. 38.

Getrou aan die dinamiek van die samelewing, dit is die sosiale prosesse van verandering, ontwikkeling, vooruitgang of progressie in die samelewing, gebruik Dewey sosiale insig, sosiale kragte en sosiale belang as die enigste bestaans- en bewysgrond van die sosiale lewe. Hiermee beoog Dewey die afbrak van die tradisionele reste van die opvoeding op 'n basis van 'n „theory of widening sociality“ ⁵⁾, wat Horne noem die Demokratiese filosofie van die opvoeding ⁶⁾. In hierdie kader is die taak van die skool individuele sosialisering wat lei tot sosiale bruikbaarheid en individuele beroepsopleiding met die klem op die industriële, wat weer lei tot sosialisering van die industrialisme.

Ter verwesenliking van hierdie doel substitueer hy die tradisionele „luisterskool“, wat anti-psigologies en anti-sosiaal is, met die werk-en-doenskool. Die onderwys is kindsentries in 'n pedosentriese inrigting wat geskoei is op die lees van 'n volwasse gemeenskap, wat sosiosentries is. Die aard van die arbeid in ons moderne gemeenskap is industrialisties op ekonomiese basis, wat dan met ekonomiese maatstawwe die sosiale opvoeding deursuur. Die gemeenskap is een groot opvoeder, terwyl die skool 'n miniatuurgemeenskap is.

-
5. Wynne, J.F.: Philosophies of education from the standpoint of the philosophy of experimentalism; Prentice-Hall, Inc., New York, 1950; pp. 97-110
 6. Dewey, J.: Democracy and education; Macmillan, New York, 1933.

Dewey besien die kind as naturalis: die kind is 'n selfstandige wese met sy die natuur, waarin geen kwaad is nie. In die skool is die kind die middelpunt, terwyl die onderwyser vanuit die agtergrond moet lei en raad gee. In die skoolwerk word aktiwiteit en die skeppingsdrang beklemtoon. Die kurrikulum voorsien hierin deur die rekonstruksie van ervaring uit ervaring ⁷⁾ op die grondslag van biologiese, psigologiese en sosiologiese beginsels maar veral van die psigologiese aard by die aanbieding van die leerstof.

Besondere klem val op die praktiese inhoud van die skoollewe as voortdurende aanpassing by die konkrete sosiale lewensituasies. In hierdie raam val veral die „Social Studies“ (which include important sections of geography, history, civics, economics, sociology and anthropology ⁸⁾, waarvan die grondslag is: „Sociology is the most general and the most basic of the social studies“ ⁹⁾. Hierdie „Social Studies“ is 'n daadwerklike poging wat „... reintegration of education and life... to make education "grow out of real life situations" ¹⁰⁾ beoog.

-
7. Crosser, P.A.: The Nihilism of John Dewey; Philosophical Library, New York, 1955; p. 234, aangehaal uit Experience and Education van Dewey, p. 113.
 8. Moore, C.B. & Cole, W.E.: Sociology in educational practice; Houghton Mifflin Co., New York, 1952; p. 352.
 9. Ibid., p. 353.
 10. Davis, K.: Human society; The Macmillan Company, New York, 1949; p. 228.

Samevattend kan ons sê dat die Sosialisme 'n lewensbeskouing is wat hoofsaaklik 'n naturalistiese teorie van die sosiale lewe is. Crosser beaam hierdie bewering met 'n aanhaling oor Dewey: „..... it is the same in principle as the ground for laboratories in scientific research" ¹¹⁾. Op hierdie basis vorm die Sosialisme die slagaar van die sosiologistiese opvoeding wat tot openbaring kom in die algehele sosialisering van die onderwysstelsel en die pragmatistiese uitinge daarvan.

(5) Die Pragmatisme as lewens- en opvoedingsrigting.

Kilpatrick, 'n getroue navolger van Dewey, ontwikkel sy filosofie van die opvoeding, nl. die Eksperimentalisme ¹⁾, uit die eksperimentalistiese Pragmatisme. Dis 'n omvatting van idees bloot as instrument vir aanpassing by die sosiale en nie-sosiale omgewing en vir die skepping van die hoedanigheid van dinge. Hierdie lewensbeskouing bestaan uit lewenswaardes wat getoets word aan die beginsel van „efficiency of action and conduct", wat die goeie lewe met die kriterium van sekerheid in bogenoemde sin en betekenis impliseer.

Die verwewing van hierdie filosofie en opvoeding berus op die idee van ervaring en proefneming met kennis. Aan die eksperimentalistiese lewenshouding lê o.a. die volgende idees ten grondslag: Idees is die gevolg van die

11. Crosser: The Nihilism of John Dewey, p. 234.

1. Kilpatrick, A.H.: Philosophy of education; The Macmillan Co., New York, 1954.
 Vgl. Snyne: Philosophies of education from the standpoint of the philosophy of experimentalism.

ervaring waarvan alle ervaring in oorsprong en doel uitsluitlik sosiaal van aard is, sodat ook ons verwagtinge, ons sedelike gedrag, sedelike deugde en goeie lewe as die hoogste goed uit die lewenservaring groei en dus as uniformiteite binne ons ervaring eksperimenteel bestuurbaar moet word.

In hierdie raamwerk het die skool tot taak om sy program van aktiwiteite te rig op die aanpassing by die dinamiese aard van die sosiale lewe om die groepskultuur as die bron en die doel van die konkrete lewe en dinge aan die kinders kragtens psigologiese metodes oor te dra. Kortom, onderwys, opvoeding en leer is identies met die lewe. Die skool vorm en ontwikkel die sosiale intelligensie van die kinderpersoonlikheid as voorbereiding en aanpassing by die min of meer vasstaande patrone van kultuurontwikkeling, bv. die industriële, die ekonomiese, die tegniese, die natuurwetenskaplike ens.

Verder voorsien die elastiese „emerging“ kurikulum in die ander kulturele lewensfunksies, waarby die skool moet lewe vir die kind, sodat hy in sy karakter- en persoonlikheidsvorming deur beloning en aanskouing die ken en integrasie van die leerstof as die beste lewe, die alsydige lewe deur eie ervaring kan bemeester sonder die las van skooleksamens, toetse, puntetoekennings ens.

Die voorgaande lewens- en opvoedingsbeskouinge lê ingewef in die scientisties-georiënteerde lewens- en opvoedingsrigting, waarby ons nou aansluit.

5. Die Scientisties-georiënteerde lewens- en opvoedingsbeskouinge.

a. Inleiding.

Die wetenskap verskaf aan die mens die kennis aangaande die natuurlike wêreld in fisies-chemiese sin maar ook van die mens wat in die middelpunt van hierdie wêreld staan, omdat hy reduseerbaar is tot die gegewens in hierdie raamwerk. „Wetenskap is beperk tot wat deur die begrip scientia gedek word, maar dan in sy ingeperkte betekenis van wete van die positief-ervaarbare, meet- en kontroleerbare alleen. Wetenskap is dan wat deur die term „science“ aangedui word. Dit is die gebied van die fisies-chemiese en die biologiese. Hieruit is meteen duidelik dat wetenskap tot die biologiese en by uitstek die matematiiese natuurwetenskappe beperk word. Nou is dit op grond van hierdie verscientifisering of verwetenskapliking, en wel natuurverwetenskapliking, verbiologisering, vereksperimentering en verkwantifisering van alles dat hierdie rigtinge as scientisties gekwalifiseer word“¹⁾. Die natuurwetenskaplike eksaktheid verryk die ervaring om te heers oor, die beheersing van en aanpassing by probleemsituasies, in praktiese, pragmatiese en utilistiese aangeleenthede vir die vollediger wedersydse aanpassing, harmonisering en oriëntering tussen die mens en sy omgewing: fisies en sosiaal.

Vanselfsprekend bevat hierdie lewensrigting dieper gesien ook sterk irrasionele elemente, sonder dat hy dit wil en is hulle nie net antropotelies en antroposentries nie maar ateïsties, omdat be-

1. Oberholzer : Inleiding in die prinsipiële Opvoedkunde, p. 231.

grippe soos God, die Absolute, die Transendente ens. daarin ontbreek.

Maar Scientisme die verskillende vertakkinge soos die materialistiese, die naturalistiese, die ewolusionisties-biologiese, die positivistiese, die pragmatistiese, die eksperimentalistiese, en die progressivistiese saamvat, wil ons aan die hand van Oberholzer aandag skenk aan die onderskeie vertakkinge wat die Opvoedkundige Teorie en praktyk van die westerse wêreld op diegaande wyse beïnvloed en raak.

b. Aard van die Scientisties georiënteerde lewens- en opvoedingsbeskouing.

Ons onderskei verskillende kenmerkende eienskappe van die Scientisme, waarvan die volgende hier bespreek word:

(1) Materialisties.

Die substansiële in die materialisme as metafisiese teorie is nie die bewussyn, gees of idee nie maar stofdeeltjies in beweging. Die mens is deel van 'n meganies-bepaalbare werklikheid en 'n willose skakel in 'n meganiese ontwikkelingsreeks: die geestelike word tot die psigologiese, lg. tot die fisiologiese, lg. tot die biologiese en lg. tot die meganiese - dus tot stof en beweging - herlei. Skepper, geskapene, Gods voorsienigheid, ens. word as verdigsel beskou.

Die praktiese materialisme as materialistiese determinisme is 'n verabsoluttering van die ekonomiese aspek waarvolgens die maatskaplike lewe voorgestel word as 'n meganiese proses. Uit die ekonomiese en teoretiese waardes wat bo-aan staan, word die stoflike

goedere geproduseer en bemagtig. Dit is hierdie kragte wat die situasie van die industriële proletariaat in die kapitalistiese maatskappy aktief maak, waardeur die ander geestelike waardes soos die morele, die waarheid en religie die produk is van die maatskaplike situasie en dus heeltemal relatief.

Die verklaring van die maatskaplike lewe uit hierdie een element is vir die klasstryd van die arbeiders, klas- en besitlose mense, die verlossende, messianistiese boodskap om die onderlinge verhoudinge en gedragswyse tussen mense te bepaal op grond van goedere produksie en die eweredige genieting hiervan.

Die eksponente van die materialistiese deterministiese teorie, is Marx en Engels, uit wie se hand die Kommunistiese handves verskyn het om in die vrugbare teelaarde van onderontwikkelde volkere te tier en wortel te skiet. Die kommunistiese ideologie is die ideologie van die tydperk waarin ons lewe; dit handhaaf en verkondig sy leerstelling van 'n ekonomistiese orde waarin die ekonomiese waardes in die sentrum staan en sy neerslag het in die Opvoedkundige teorie en praktyk.

Die materialisme as lewens- en opvoedingsbeskouing stel alle hoëre lewenswaardes ondergeskik aan die ekonomiese waardes.

Die algemene ekonomiese modale aspek word uitgelig uit sy kosmiese saakhang en verband waardeur 'n ekonomistiese orde ontstaan, waaruit, waardeur en waartoe die hele opvoeding

sy sin en verklaring vind.

Die taak van die skool in die opvoedingsproses is daarom gerig tot die kondisionering van die tussensmenslike verhoudinge op die basis van 'n ekonomiese determinisme.

(2) Naturalisties.

Die Naturalisme as werklikheidsteorie hou die innigste verband met die Materialisme as die meganiese natuurwetmatige kousaliteitsverklaring van die natuur as die oorsprong, doel en bestemming van alles wat bestaan. Alles is aan die wetmatighede van die organiese en anorganiese onderworpe. Die mens as denkende, voelende en willende wese in sy aangepastheid en gehoorsaamheid aan die natuur is deel, produk en word uit die natuuroorkoepeling as die enigste bewys- en verklaringsgrond in 'n meganiese kousaliteit verstaan.

In hierdie beskouing is daar geen sprake van 'n Supernatuur of 'n projeksie van iets hoërs nie: die mens is van nature goed, met geen kwaad in hom nie. Enkele aanhalings staaf hierdie bewerings, o.a.: „All 'naturalists' substantially agree on the dogma of the primacy and all-sufficiency of nature, whence follow a number of important consequences for man, culture, and education" 2).

2. Marique, P.J.: The philosophy of Christian education; New York, 1939; p. 47.

„Even though philosophers~~;~~ may differ in their specific theories of life, naturalism demands that they exclude the supernatural from every hypothesis and keep within the bounds of the nature in their efforts to discover the solution to their problems“ 3). Die alleen is die natuurwetenskap die opperwetenskap nie, maar ook sy metode van beroep op feite, observasie, ervaring, induksie, realisasie, die positiewe, empiriese en eksperimentele, is die enigste onfeilbare weg om tot die waarheid te kom 4).

Die naturalistiese lewensbeskouing het ook sy neerslag op die opvoeding omdat die natuur die groot opvoeder is. Met profetiese blik skrywe De Hovre dat die natuurwetenskap, d.i. Biologie, Fisiologie, Eksperimentele Sielkunde, ens., die enigste grondslag vir die toekomstige opvoeding is. Beginnende met Rousseau, Locke, Spencer, Dewey ens. is en bly die uitgangspunt „science“, wat die werklikheids-, mens- en lewensbeskouing as die grondslag van die opvoedkunde moet bepaal en deursuur. „Die vakwetenskappe wat die grootste bydraes vir die fundering van die opvoedkunde lewer, is die Biologie, die Psigologie en die Sosiologie“ 5).

3. O'Connell, G.: Naturalism in American education; Washington, 1936; p.1.

4. Vgl. Oberholzer: Inleiding in die prinsipiële Opvoedkunde, p. 236.

5. Ibid, p. 236.

Op die voorgaande grondslae is die opvoeding en onderwys in die skool gebaseer. Die taak van die skool word beliggzaam in leer-vakke van 'n uitgesproke naturalistiese kurrikulum, waarin die menslike van verby-gaande aard en van godsdiensonderrig en sede-leer geen sprake is nie. Die metode is induktief-eksperimenteel, met geen indoktrinering en inmening van òf die ouers òf die onderwysers nie - lg. gee raad en leiding vanuit die agtergrond. Daarom miskien dat in Amerika geskryf word van 'n „elektroniese“ onderwysermetode van onderrig. Dissiplinê en tug vind uiting in vryheid, selfontdekking en selfekspressie in die teenswoordige kind-sentriese skole, met die uitbouing van talle projekte as identies met werk, lewe en leer. In wese is die skole die „Community Schools“ wat sosiosentries is.

(3) Ewolusionisties-biologies.

Die Ewolusionisties-biologiese lewens-beskouing as uitvloeisel van die Naturalisme is in sy wese anti-materialisties en antimeganisties. Dit handhaaf die selfstandigheid, die oorspronklikheid en die onherleibaarheid van die lewensverskynsels as buffer teen die hoogbloei van die Naturalisme. Die Vitalisme openbaar begrippe soos o.a. holisme, wat 'n besondere plek ingeneem het. Die anti-naturalistiese en antimeganistiese uitwerking het hom op die opvoedkunde laat geld.

Boutroux en Eucken, veral lg., hoewel geen vitaliste nie, het hulle verset teen die materialisme en Naturalisme, wat die idealistiese lyn in die wysbegeerte en sy betekenis vir die Opvoedkunde gehandhaaf het.

Die Ewolusieteorie met sy oorsprong in Darwin se Origin of species word gedra deur die gedagtegang van stof en beweging, met die inwerking van fisies-chemiese kragte wat die biologiese verskynsels laat ontstaan het. Die fisiologiese aspek van die biologie het die psigologiese en geestelike laat ontstaan. Dieselfde geld t.o.v. die omvattende ontwikkeling in die gekompliseerde lewe waarmee die kloof tussen anorganiese en organiese, tussen mens en dier deurgehak is. Die ontstaan en verklaring van die mens geskied via die weg van ontwikkeling uit die enkelvoudige na die samegestelde en vanuit die gelyksoortige na die ongelyksoortige en die omgekeerde hiervan.

In hierdie proses van ontwikkeling is verandering, óók in die moderne biologisties-georiënteerde denke, nie slegs die verklaring nie maar ook noodsaaklik om die lewensprosesse te laat gedy. Kilpatrick stel sy filosofie oor die opvoeding op na analogie van die biologiese lewe, denke en die kontrole oor die lewensproses, wat die verouderde opvoedkundige denke vervang.

So vertoon ook die gangbare Engelse scientisties-georiënteerde opvoedkundige denke die trek van die biologisties-naturalistiese.

Nunn se denkbeelde is biologies-individualisties en die volgende uitspraak van hom is ver^{teen}antwoordigend: „The basic principles of the New Education are to be found in a synthesis of some of the fundamental ideas of biology and the philosophical or religious notion that man is essentially a creative spirit.... 6).

Die taak van die skool in die sg. Nuwe opvoeding besien die lewe van die kind dinamies as 'n wisselwerking tussen hom en die milieu van gee en neem as die beste eienskappe vir die beste ontwikkeling.

Hierdie opvatting van die lewe kom van die wetenskap van die Biologie. Enige opvoeding hou rekening met die eiendomlike gawes en talentte wat tot ontwikkeling gebring word in ooreenstemming en saamhang met die omgewing, waar die grootwordingsproses van 'n dinamiese en skeppende aard is. Op die rekonstruksie van ervaring uit ervaring is reeds gewys. Die individualiteitsgedagte gedra deur die idee van skeppende aanpassing bepaal ook die opvoedkundige doelstelling van die „vervolmaking van die individu as 'n sosiaal-biologiese aangeleentheid“ 7).

Opmerklik is ook hoe sterk die Sielkunde onder die scienties-georiënteerde denke gekom het, veral met betrekking tot die

6. Nunn, T.P.: „The basic principles of the new education“ in The New Era, October, 1929, p. 205.

7. Oberholzer: Inleiding in die prinsipiële opvoedkunde, p. 240.

uitwendige verskynsels van die sielelewe in soverre dit onder die maatstaf van waarne-
ming, eksperimentele meting en toetsing vir praktiese doeleindes gebruik word. Rusk karakteriseer die Amerikaanse Sielkunde op scientisties-biologiese grondslag soos volg:
„But the American psychology works, and up to a point has signally served the cause of Education. It is now, one fears, a spent force, because the philosophy - if such it can be called - behind it is naturalistic. It presupposes a purely mechanistic view of life; meeting a situation is its highest ideal, and a chance success its ultimate explanation. Its analogies it derives from the responses of the lower animals in quite artificial situations, and its principles are Thorndike's laws of learning, reduced to their lowest terms" 8).

(4) Positivisties.

Vir Comte, die vader van die positivisme, met sy sesdelige „Cours de philosophie positive“, is Positivisme gelyk aan wetenskap. Alle metafisiese begrippe word daaruit geban. Met die verheffing van die Sosiologie tot kroonwetenskap en sluitstuk van alle wetenskappe wil Comte met die positiewe of natuurwetenskaplike metode 'n beter samelewing vir die mensheid daarstel deur vooruit te sien en vooruit te bepaal.

Die positivistiese rigting in die scientisties-georiënteerde visie is beperk tot die

meetbare en kontroleerbare, vir sekuriteit van die „diesseitige“ en hang ten nouste saam met die Materialisme, Naturalisme en Ewolusionisme. Comte toon met sy drie stadia in die ontwikkelingsgeskiedenis van die mensheid aan dat die positiewe stadium die wetenskaplike is vir sy sosiale dinamika wat aanpassing by en verbetering van natuurkundige en sosiale toestande vir lewensverhoging vereis. Die moraal sentreer rondom die begrippe hedonisme, utilisme, eudaimonisme, relativisme en subjektivisme. Die mens sien, soek en dien homself deur die kennismaking en ontrafeling van die moraal.

Voortvloeiend uit die positivistiese rigting het ons ook te make met die begrip universalisme, waarmee die natuurwetenskaplike metode ingespan word om 'n alles oorkoepelende selfstandige en selfgenoegsame samelewing, dit is die mensheid, daar te stel, ten opsigte waarvan al die ander samelewingsvorme onselfstandig, onselfgenoegsaam en afhanklik is van die geheel en ook daaruit verklaar moet word.

Die positivisties-georiënteerde lewens- en wêreldbeskouing vind sy neerslag in die opvoeding weens die materialistiese, naturalistiese en ewolusionistiese kleur daarin.

Die opvoedingsverskynsel bestaan hiervolgens nie as die middel by alle gemeenskappe van alle tye om 'n mate van kennis van die lewe by te bring nie en ook nie as die middel om die samelewing te beïnvloed, te

verbeter en bowenal te hervorm nie. Die mens is inderdaad biologies-fisikalties-wetmatig gebonde, en hy moet hom voortdurend hierby aanpas deur intelligenter reaksiewyses. Die gebruik van ingewikkelde tegnieke om die probleemsituasies te beheers vereis wetenskaplike onderlegdheid. „Onderwys en opvoeding in die skool is oorwegend psigologiese aangeleenthede op sosiaal-biologiese grondslag" ⁹⁾. Die kurrikulum maak voorsiening vir Wiskunde, Sterrekunde, Chemie, Fisika, Biologie en veral Sosiologie. Die natuur langs naturalistiese lyne is die groot tugmoester, terwyl godsdiensonderrig agterweë bly. Die funksie van onderwys en opvoeding is hulp by wetenskaplike skoling met die doel om deur „beplanning" aangepas te wees en te bly vir die sekerheid by sosiaal veranderde omstandighede om die maksimum welvaart en vir die individuele en vir die mensheid in universalistiese sin te verseker. Die Amerikaanse Opvoedkundige Teorie en praktyk is deursuur met die Positivisme en Sosialisme.

(5) Pragmatisties.

Die Pragmatisme lê veranker in die voorgenoemde scienties-georiënteerde rigtings. Die pragmatistiese motief, wat onvermydelik voortvloei uit die scientistiese beskouing, tree ook baie sterk op die voorgrond, nie slegs as die grootste deel by die opvoed-

9. Oberholzer: Inleiding in die prinsipiële Opvoedkunde, p. 243.

kundige teorie en praktyk in die skool nie, maar die vraag bly steeds: Beheers dit die opvoedingsproblematiek of oorheers dit? Die grondleggende vraag bly steeds: Tot watter nut, praktiese nut, voordeligheid en bruikbaarheid dien dit, óók in die opvoedkundige teorie en praktyk - die sg. "efficiency", die doeltreffendheid, bruikbaarheid in die sin van die opvoeding: "efficiency of action and conduct".

Die menslike denke word aan praktiese behoeftes en node diensbaar en onderhewig gemaak. Dit impliseer handeling, arbeid, en grade van waarheid in die rigting van vordering tot die waarde van sosiale bruikbaarheid. Die Pragmatisme is die finaliteitsdoelstelling wat nie die ervaring as iets hoërs oorskry nie. Die handeling is primêr en ontstaan uit die denke in biologiese nood om te dien, sodat ook die waarheid voortdurend verander deur 'n doeldienlike karakter. Absolute waarhede in pragmatistiese sin bestaan nie. Slegs dit is waarheid wat ook geld t.o.v. 'n teorie, die wysbegerpte en godsdiens wanneer waarheidsuitsprake die praktiese toets kan deurstaan en doeldienlik is om die lewensbehoeftes te kan bevredig. Hierdie trek is relativisties.

Die pragmatistiese suurdeeg in die opvoedingsbeskouing is in beginsel deur William James ingedra, terwyl die gistingsproses deur die verinstrumentalisering van die pragmatisme deur John Dewey vir opvoedings-

doeleindes vervolmaak is. Die Opvoedingsteorie kom uit die praktyk om die praktyk te dien en word getoets aan die praktiese lewe en lewenseise, en die praktiese bruikbaarheid daarvan dien as die waardemeter vir die waarheid.

Die radikale toepassing van kennis om die bruikbaarheidswaarde verskaf sekerheid en veiligheid as die waarheid om probleme op te los, wat bevrediging en verhoging van die lewenspeil meebring. Die mens in wisselwerking met sy omgewing is 'n proses van gedurende aanpassing - die verhouding tussen die biologiese en die sosiale. Die pedagogiese instrument is die daarstelling van laboratoriummetodes met eksperimente en tegnieke om die kennis wat uit die ervarings kom, vir toekomstige ervarings te rekonstrueer om die hoogs moontlike graad van sosiale bruikbaarheidsgehalte te bekom en te verseker. Hierdie waarheid kan slegs langs die weg van 'n metodies-eksperimentele toepassing bereik word. Dewey en sy volgelinge is dus die verteenwoordigers van die filosofie van die Eksperimentalisme, wat tegelyk die basis vorm vir die pragmatistiese metodes van die moderne progressiewe opvoeding.

In beginsel steun Dewey die ewolusionisties-biologiese visie van Darwin en tegelyk die positivisme en die universalisme van Comte.

Die kurrikulum, die metodes van leerstofaanbieding, dissipline en tug is afdoende

behandel onder punt 4 by Sosialisme.

Ten besluite is dit belangrik om skerp te luister na die kritiek van Crosser, wat in sy werk The Nihilism of John Dewey, n.ix, die volgende sê: „Dewey has deprived those Americans who have come under his influence of a general framework within which they could place their everyday activities. Dewey has made America lose its perspective and has thus greatly weakened the intellectual potential of American leadership at home and abroad.

With these factors in mind, the author of this volume undertakes to demonstrate the cognitive untenability of Dewey's position. In commenting upon Dewey's reasoning, this author uncovers the utter meaninglessness of Dewey's philosophy of science, the utter emptiness of his philosophy of art and the utter sterility of his philosophy of education The author limits himself to the task of clearing away the conceptual shambles which have been left by Dewey's destructive philosophy⁶.

(6) Eksperimentalisties.

Oberholzer noem in Inleiding in die prinsipiële Opvoedkunde hierdie rigting die filosofie van die Eksperimentalisme waarin die grondstellinge van die Materialisme, die Naturalisme, die Positivisme en die Pragmatisme tot ryphheid uitgebou word. Die die beskouing oor werklikheid, mens en lewe soos weerspieël

in die Eksperimentalisme is ingeweeft in 'n eie opvoedingsbeskouing. Childs, die eksponent van die eksperimentalisfilosofie ken die volgende karakteristieke eienskappe daaraan toe: „Experimentalism is a philosophy of experience..... (It) sees man as a creative agent ... (it) challenges external authorities and fixed ends of all sorts ... it believes that in the experimental method experience has a means for developing its own regulative standards from within its own process ... The methodology involves the presupposition that all meanings, scientific and moral, are generated from experience, and that nothing which claims to be knowledge is to be derived by deliverances from on high, or by immediate mystical institutions. Meanings and values are this-worldly, not other-worldly.....“¹⁰⁾.

Uit en deur die ervaring as die sekerste waarde en waarheid moet die mens in sy wisselwerking met die veranderde sosiale milieu hom voortdurend aanpas, waardeur hy self verander tot doeltreffendheid en sosiale bruikbaarheid. Die lewenservaringe aldus opgedoen, het hulle eie sanksie en is hulle eie sanksie. Die interpretasie van ervaring hou gewigtige implikasies in sowel vir die filosofie as vir die opvoeding.

Die opvoedkundige teorie en praktyk staan onder die klem van die eksperimentalistiese

10. Childs, J.L.: Education and the philosophy of Experimentalism; New York, 1931; p. 92-93.

lewensbeskouing. Die opvoedingspraktyk word gelei en gerig deur gedurige wisselwerking met die dinamiese aard van die samelewing op die grondslag van die eksperimentele progressiewe opvatting om by die mens 'n positiewe en sleppende verhouding tot die gemeenskap in te skerp deur groepservaringe. Op hierdie wyse ontwikkel die mens tot persoonlikheid as aktiewe lid deur deelname aan die sosiaaldinamiese orde. „The ultimate educational aim of experimentalism is to develop individuals who can intelligently manage their own affairs, at times 'alone', more usually in shared or joint enterprise. It believes this ideal will be achieved as children are given opportunity to practice it under intelligent guidance in the schools.

As the experimentalist conceives it, education is the social process by which human beings are created" 11). So gesien is die opvoedingsdoel om die enkeling se lewe te verryk, terwyl die gemeenskap met sy kultuurerfenis slegs die middel is. Die funksie van onderwys om die aangehaalde opvoedingsdoel te bereik bestaan in 'n proses van ervaringsdeelname.

Indiuidualiteit is nie die eiendommlike gawes en talente van die enkeling nie; dit bestaan uit bereiking en verwerwing in wisselwerking met die groep as die wyse waarop die kind reageer. Die funksie van sosiale oordrag is

11. Ibid., p. 93.

sekondêr, terwyl die bybring van kennis in onderwysende sin van wat die volwassenes reeds weet, ook nie die hoofdoel van die skool is nie. Die eksperimentalis stel hom ten doel die „inquiring mind“ met die „hoe“ saam met weetgierigheid, wat toegerus is om uit ervaring die dinge te doen wat in ooreenstemming is met die veranderde lewensomstandighede. Die kind leer om intelligent te dink te voel en te handel volgens groepstradisie, gevoed deur die groep. In sy opvoeding moet die kind 'n bewuste en doelbewuste ervaringsentrum wees wat nuwe ervarings uit ervarings kan konstrueer as die voorwaarde vir opgroei, vorming en ontwikkeling. „Such reconstruction will include reconstruction of social processes and institutions because the life of the individual incorporates these social influences and is conditioned by them. Growth through reconstruction of experience by the gaining of knowledge is a creative process. It can only be carried on by a mind that has learned to think and to inquire into all of the varied aspects of experience“¹²⁾.

Hierdie aanhaling is in die trant van Davis: „... to make education 'grow out of real life situations', d.w.s. uit die konkrete ervarings-werklikheid. Die kurrikulum word dan ook gekwalifiseer as „emerging“ kurrikulum om te voorsien in die norm van sosiale bruikbaarheid, wat relativisties is. Die metode by leerstof-

12. Ibid., pp. 84, 85, 86, 87.

aanbieding gaan uit van die veronderstelling dat alle sin en betekenis van die lewe uit die ervaring tot die ervaring is. Die grootmeester van die Eksperimentalisme skrywe: „Experimentalism is a radically empirical philosophy" 13), ook wat betref sy neerslag op die Opvoedkundige teorie en praktyk.

(7) Progressivisties.

Die Eksperimentalisme vereis 'n progressiewe opvoeding. Die relatiewe nare oor waarheid, wat korrelatief is met die praktiese sinvolle opvoeding tot sosiale bruikbaarheid van die individu, vereis 'n „progressive education". Die Amerikaanse Opvoedkunde is nl. deurspek van „adjustment" of aanpassing.

Die poging van die Eksperimentalisme „to make education grow out of real life situations" vereis voortdurende aanpassing. Die Progressivisme is dan gemunt op die beplanning van daardie tipe opvoeding en onderwys wat die beste daarin kan slaag om gedurig die veranderende toestand die hoof te bied. „Die Progressivisme is 'n aantal opvoedingsteorieë wat hulle in 'n toestand van verandering bevind en in daardie toestand moet verkeer" 14). Hierdie teorieë aanvaar die sosiale proses van verandering van die strukturele orde van die samelewing,

13. Idem: „The meaning of the term: Experimentalism" in Frontiers of democracy, vol. 6, p. 105.

14. Oberholzer: Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde, p. 257.

wat die mens beïnvloed en verander, en waarby hy hom moet aanpas, oriënteer en reoriënteer.

Die samelewing is die instrument tot individuele aanpassing, met sosiale verandering as „... the broad transformations going on in society, the manner in which they affect institutions, attitudes, ideas and behaviour, and the problem situations which men confront“¹⁵⁾.

Die middel om die aanpassingservaringe progressief te konstrueer, rekonstrueer en uit te bou is die opvoeding.

In sy konsekwensies is die Progressivisme in „education for a changing social order“ en in „the new education“ pogings tot die deurvoering van die radikaal demokratiese orde op die grondslag van vryheid en gelykheid in wêreldomvattende sin soos geïnkorporeer in die V.V.O. se Handves oor Menseregte. Die doelpunt en strewe van die progressivistiese opvoedingsgedagte is in sy wese die aanleer van die demokratiese denk- en leefwyse in die bereiking van „self efficiency“, wat sowel demokrasie as sosiale bruikbaarheid impliseer. Vryheid lei tot selfontplooiing in projekaktiwiteite deur middel van „Social Studies“, wat die „self“ bepaal.

Die „Social Studies“ van die „emerging curricula“ skep en lewer spontane selfaktiwiteit en waarhede uit proefondervindelike deelname aan die konkrete sosiokulturele lewe.

15. Wirth, L.: „The significance of Sociology“, in International Social Science Bulletin, Summer 1951; vol. III, no.2, Unesco Publication; p.198-199.

Die wetenskap word ingespan om die middele en tegnieke te vind vir die ontplooiing van en aanpassing by die veranderinge. Die eksperimentalistiese aard van die opvoeding maak van die skole lewens- en werksentre.

Die skole is lewenslaboratoria waar die kinders selfstandig ondersoekend- en produktief-skeppend aktief besig is.

Samenvattend haal ons Hedden en Ryan oor die grondgedagtes van die progressiewe opvoeding aan:

- i. "The main objective of progressive education is to fit the individual for life in a changing civilization. Only those pupil activities that aid in meeting 'felt needs' of life are to be stressed...
- ii. Schools should no longer require the learning of basic facts from textbooks in the traditional manner.
- iii. Vital activity must supplant mechanical memorization; and 'learning by doing' must replace learning by instruction.
- iv. Learning and thinking are stimulated best when the child perceives value, purpose, and utility in the activity itself.
- v. In place of directed learning subject to the authority of the teacher, the child is to be given freedom
- vi. The child is to discover his own truth and to determine its validity, unaided by the teacher and independent of all traditional authority" 16).

6. Die Eksistensialisme wat skakel met die Scientisties-georiënteerde lewens- en opvoedingsrigtings.

(a) Die eksistensialistiese lewens- en wêreldbeskouing.

Die Eksistensiefilosofie, met sy voorlopers Kierkegaard en Nietzsche ¹⁾ het sy hoofwortels vasgeheg in die Humanistiese wysgerige denke waarbinne dit opgekom het ²⁾. Die Eksistensialisme as reaksie teen die Hegeliaanse Rasionalisme ³⁾ is 'n irrasionalistiese krisisfilosofie ⁴⁾ wat bly vaskleef het aan die absolute geloof in die outonome en soewereine mens wat homself tot god verhef het ⁵⁾.

Die moderne Eksistensiewysbegrepte bestaan uit variasies, nl. die ateïstiese en teïstiese rigtings ⁶⁾. Die vernaamste verteenwoordigers van hierdie rigtings is o.a. Levinas, Heidegger, Sartre, Jaspers, Lavelle, Heidegger, Marcel, Loen e.a. Almal streef na 'n verheldering van die sin van die menslike bestaan soos dit inwendig

-
1. Spier, J.M.: Calvinisme en Eksistentie-Philosophie; J.H. Kok N.V., Kampen, 1951; p. 12.
 2. Ibid., p.10.
 3. Ibid.
 4. Ibid., p. 170.
 5. Van Lyk, R.: Vrijheid en gebondenheid van de mens in de samenleving, N.V. Gebr. Zomer en Keunings Uitgeversma., Wageningen; p.16.
 6. Zuidema, S.U.: De Mensch als historic. Rede gehouden bij de aanvaarding van het ambt van buitengewoon hoogleraar in de faculteit Letteren en Wijsbegeerte aan de Vrije Universiteit te Amsterdam op Woensdag 9 Juni 1948; T. Gevers, Franeker; p. 27.

en geestelik ervaar word: „De mens transcendeert
 zicself in zijn verhouding tot de medemens en
 tot God" 7). Langs die weg van die implikasie
 van hierdie aanhaling word die denkkeelde van die
 kenmerkende eienskappe van die Eksistensialisme,
 wat hieronder behandel word, die geestelike besit
 van baie mense - nie as 'n modeverskynsel 8) nie
 maar as 'n beïnvloedende en groter wordende lewen-
 stroom, wat sy greep op die mensdom van die westerse
 wêreld verstewig en vergroot. Die vrugbare teel-
 aarde vir die indoktrinasië tot hierdie lewensop-
 vatting word gevind in die ontwortelde mens wat
 homself immer meer onttrek aan die heilsame in-
 werking wat die ankers van die Christendom 9) hom
 vir blymoedige en kontemplatiewe rus bied. Die
 wysgerige denkkeelde vind gehoor en aansluiting
 by die massa, weens die lewende uitdrukking wat
 die Eksistensiefilosofie op dié bevatlike mens-
 like denke het. Dié lewensbeskouing word 'n
 lewenshouding van die moderne massamens, wat o.a.
 bevrug is en word deur twee wêreldoorloë,
 die nawerkinge daarvan in onsekere en onstabiele
 tye en die blywende keue senuoorlog.

Samevattend het ons hiermee 'n spieëlbeeld
 van die tyd waarin ons nou leef: die krisis
 van die mens, van sy „sekerhede" en van die ontsegging
 van die eie kreatuurlike sin aan die wêreld binne

-
7. Encyclopaedisch handboek van het moderne denken
 onder redactie van W. Banning, C.J. v.d. Klaauw, H.A.
 Kramers, H.J. Pos, K.F. Proost, J.E. Ubbinck; Derde
 geheel herziene druk, Van Looy en Slaterus N.V.,
 Arnhem, MOML; P. 252.
 8. Stigting Studium Generale aan de Technische Hoogeschool
 te Delft: Syllabus 1946-1947; Delftsche Uitgeversma:
 Artikel van Zuidema: „Huidige Existentie-Philosophie",
 n. 87.
 9. Van Riessen, Ir.H.: De maatschappij der toekomst; Uit-
 gegeven in opdracht van de Christelijk - Nationale
 Bibliotheek, T. Wever, Franeker, 1953 ; p. 200.

die struktuurgeheel van die skepping, omdat die wêreld slegs gesien word as „pragmatiese objek, as voorwerp van ons menslike handelingen“¹⁰⁾ - die verabsoluttering van die kultuur - die mens wat immer vra - die oorspronklike vraag, met die antwoord: die sinloosheid van die lewe.

(b) Beknopte samevatting van die karaktereienskappe van die Eksistensialisme¹¹⁾.

(1) Die Humanistiese persoonlikheidsideaal.

Die Humanistiese filosofie het tot grondmotief die natuur en vryheid wat deur die volstrekte outonomie en die absolute vryheid van die mens volgens die persoonlikheidsideaal gehandhaaf word. In die Eksistensialisme word die balans tussen die denke van die oriëntering aan die natuursye, d.i. die denke, die psigiese, die biologiese, die fisiese, ruimte en getal wat volgens die wetenskapsideaal beheer kan word, prysgegee, terwyl die ander deel van die balans, nl. die denke, wat gerig is op die vryheid van die persoon om deur die persoonlikheidsideaal beheers te word, behou en verabsoluteer word, sodat die eksistensialisme vir die gebied van die werklikheid die Humanistiese wetenskapsbeskouing teen die agtergrond van die ontwikkeling van die moderne natuurwetenskappe is wat die menslike redebeheersing aanvaar het.

Twee sake vloei hieruit voort :

(a) Hiermee word God as die Absolute, Skepper,

10. Spier, J.M.: Calvinisme en Existentie-filosofie, n. 170.

11. Ibid., deel 2, hoofstuk 1.
Vgl. Zuidema: Karakter van de moderne Existentie-filosofie; Publicaties van de Reunisten-Organisatie van N.D.B.D., no. 18.

Heer en Middelpunt van die heclal verdring en van sy troon gestoot deur die Renaissancemensin sy sowereine selfbepaling. Prinsipieel en volgens die letter is dit 'n proses van geleidelike losskeuring van die mens van sy botydlike Wortel, sy Oorsprong, sy Ankergrond en sy enigste Hoop, wat in die Eksistensiefilosofie weerspieël word as die uiterste ateïsme en mens-projeksie - in -God, resp.

(b) Andersyds is ook die skakel van die Eksistensialisme met die scientisties-georiënteerde lewensrigting aangetoon deurdat die Scientistisme sy pad deur die geesteswetenskappe gebaan het.

(2) Die Irrasionalistiese trek.

Die Eksistensialisme is 'n felle reaksie teen die Rasionalisme. Die mens is meer as sy rede en kan nie met die rede begryp word nie - hy besit absolute vryheid: wilsvryheid. Die menslike ratio mag wel die werklikheid van die laere lewensterreine soos die natuurwetenskappe beheers, terwyl die onbegryplike omtrent die menslike lewe wat uit die menslike lewe ontstaan, nie met die redelike denke verklaar en gepeil kan word nie.

(3) Die radikale Subjektivisme.

Die subjektiewe heersing van die mens oor sy rede stel hom in staat om die wetmatigheid in, deur en tot homself te soek.

Hiermee word die subjektiewe teoretiese denke

van die mens tot universalistiese wet vir die kosmos verhef. Met die wilsvryheid in die selfwording tot verselfstandiging van die mens skep hy self die wet en norm waarvan hy self die bron, die doel en die maatstaf van alle dinge is. Kortom, die menslike bestaan is dus enersyds wetgewend en soewerein en andersyds vormskeppend en die voorwaarde in homself vir die skepping van alle wet. Die wet is dus volslae geanker in die menslike subjektiwiteit en in sy geskiedenis waaruit dit ontstaan en geword het. Anders gestel: die mens is self sy eie wet; sy eksistensie en wording kan nooit tot voorwerp van verstandelike kennis gestel word nie.

(4) Die Antropologisme.

Die uiteenlopende lewensrigtings van die Eksistensialisme, ook die stelsels wat trag om 'n ontologie te ontwerp, het tot hooftema van ondersoek die mensbeskouing oor die verheldering van die menslike bestaan soos dit inwendig en geestelik ervaar word, d.w.s. deur sy transendering van homself in sy verhouding tot sy medemens en tot God; beter nog : die verabsoluteerde mens in selftransendensie, as projeksie-in-God.

(5) Eksistensie is selftransendering.

Die wese van die mens is dat hy word: hy is en maak geskiedenis; die mens ontmoet homself in sy voortdurende soeke na homself. Die beslissings wat hy telkens buite om hom,

moet vel geskied uit sy eie vrye wil waarmee hy homself oorskry t.o.v. selfkonstituering of verselfstandiging in die geskiedenis van selfidentifikasie van die „ek“ met die „self“ deur Gods Woord as die hede van die Godsgeskiedenis. Menslike verselfstandiging begin met die intrede in die hede van God waardeur die innerlike stadia van die geskiedenis en die eenheid van die Woord in die hede deurleef word deur selfprojeksie-in-God, d.i. die bestaan van selftransendering tot God as die menslike eie moontlikhede wat innerlik en geestelik beleef en ervaar word, eindig met die dood.

(6) Die Pessimisme.

In teenstelling met die oormoed van die Humanistiese vooruitgangsgeloof, van die optimistiese toekomsverwagting, staan die Eksistensialisme, wat die wysgerige vertolking van Pessimisme is, nl. van angs en nood, vertwyfeling en mislukking, nietigheidstemming, wanhoop, walging, skuld, dood ens. Die donkere lewens- en wêreldbeskouing van 'n destruktiewe beskouing oor alles wat in Christelike en Humanistiese kultuurbeskouing en verwagting 'n verdieping ondergaan het, bied vir die besinnende, blymoedige en kontemplatiewe rus geen plek nie (bv. die werk Die Utergang des Abendlandes deur Spengler). Die voorgaande beeld is die ateïstiese Eksistensialisme, wat die oorgrote gedeelte van die westerse wêreld in sy groep vasvang.

Teen die agtergrond van die voorgaande wêreldbeeld en gebeure leef in die Eksistensialisme die enigste hoop om hierdie krisis die hoof te bied, nl. die teïstiese Eksistensialisme, wat die massas mense verslind.

Die selftransendente godmens is in sy gewete gerus en aan die slaap gesus deur die bedwelgende invloed van die Eksistensialisme.

(7) Die aristokratiese Indiividualisme.

Die enkeling in sy persoonlike indiwiduele bestaan, wat homself sien en dien, wat slaaf

is van sy arbeid en van homself, wat in sy naaste sy vyand sien, of andere wat in die kontak met sy medemens die waarheid van bestaan sien, is in wese indiwidualisties; ware bestaan is slegs deel van die enkeling.

Die wilsvryheid van die mens bepaal of hy in eensaamheid gestel word om homself te sien en te dien, terwyl die meeste as „massamens” ondergaan in die verskillende samelewingsvorme. Anders gestel: die indiwidualistiese mens is ook massamens. Die uitwerking hiervan is soos Van Riessen dit stel: „Het individualisme, dat van geen gemeenschap wilde weten, collectivende de mensheid. En de geest van dit collectivisme baart indiwidualistiese, egoïstiese mensen” 12).

(8) Die antitese tussen die eintlike en nie-eintlike bestaan.

Hier bevind ons ons op die „neutrale” wysgerige gebied, nl. die antitescleer volgens die

indiwidualistiese, irrasionalistiese en subjektivistiese lewens- en wêreldbeskouing.

Op hierdie grondslag onderskei die Eksistensialisme tussen die eintlike bestaan en die nie-eintlike eksistensie. Bersgenoemde is dan die lewenshouding van elkeen wat homself konstitueer met sy eie vryheid en verantwoordelikheid as wet op homself en uit eie skeppende mag homself transendeer in sy verhouding tot sy medemens en tot God.

Laasgenoemde, t.w. die nie-eintlike eksisteer, is die lewenshouding van die alledaagse deursneemassamens, wat sy eie persoonlike vryheid prysgee:- die amorfte mens sonder bindinge, wat nêrens tuis is en aansluiting kan vind nie, die verlore swerwer wat losgeskeur is van sy primêre bindinge wat sy lewenshouding van primêre deugde in 'n vereensamingproses grondig verander het. Dié massamens wat opgaan in die massa en nie onderworpe wil wees aan publieke opinie óf aan die norme en wette wat die mens van buite opgelê word nie, is die sg. nie-eintlike eksisteer.

Samevattend impliseer die eintlike en nie-eintlike bestaan in sy wese 'n dilemma: indiwidualisme-universalisme binne die perke van 'n irrasionalistiese persoonlikheidsgeloof.

(9) Die bo-wetenskaplike aard van die Eksistensialistiese filosofie.

Die wysgerige siening op die Eksistensialisme ontspring en word voortgedryf soos die werking van 'n suurdeeg uit die bestaansnood van die ongeborgemens, wat alle hoër geestelike waardes, alle tradisies, ja, tot die religie

as illusies deurskou. Hierdie wysbegeerte rig hom tot die sin van die groot lewensvraagstukke, wat nooit rasioneel dog slegs eksistensieel benader kan word. Om hierdie rede is die Eksistensialisme dan wysgerig 'n lewens- en wêreldbeskouing, 'n lewenshouding tot die vervulling van die religieuse funksie.

(10) Die motief van in-die-wêreld-wees.

Die menslike bestaan in die wêreld is die sfeer wat hy nodig het vir sy aktiwiteite en handeling, en tog gaan die menslike bestaan daar bokant uit. Die versoeking maar ook die gevaar van bokant die wêreld uit te styg is enersyds dat die mens sy nie-eintlike bestaan in die wêreld uit die oog mag verloor en andersyds dat die wêreld noodsaaklik is in die proses van die vrye selfkonstituering van die mens.

(11) Die skeiding tussen eksistensie en wêreld.

Die prinsipiële skeiding tussen eksistensie en die wêreld is sonder gemeenskaplike grond: e.g. is selfkonstituerend en lg. die rasonele wetmatighede, d.i. die terrein van die wetenskap gedistansieer van die eksistensie om hom te kan uitlewe. Anders gestel: die Eksistensialisme ontsê homself die moontlikheid tot ontwikkeling en selfontploffing van die totaliteit van die menslike funksies in die struktuur van die menslike liggaam as die hele tydelike bestaan van die mens waarin vier strukture van eie individuele karak-

ter met mekaar in die vorm geheel van die boustowwe van die liggaam vervleg is, t.w. die psigies-chemies gekwalifiseerde van die opbouustowwe, die struktuur van die lewende organisme waarin die vegetatiewe, bioties gekwalifiseerde senustelsel 'n sentrale plek inneem, die psigies (deur die gevoelsaspek) gekwalifiseerde struktuur van die instinktiewe lewe en die sg. handelingstruktuur ¹³⁾.

Die rede vir hierdie ontsegging is dat die menslike liggaam vir die Eksistensialisme slegs bestaan uit 'n kompleks van benedehistoriese funksies, t.w. die denke, psigiese, biotiese, fisiese, ruimte en getal, wat natuurwetenskaplik beheers kan word en waar teenoor die irrasionalisme antiteties staan.

(12) Die eksistensiële tyd.

In lyn met die uitgangspunt van die mens as geskiedenis word ook God as geskiedenis geneem. Die Godgeskape kosmiese tyd as die betrokkenheid van die tyd op die ewigheid is die hede, die aktualiteit van die ewigheid van die teenwoordige God wat die mens binnetree. Die eksistensiële tyd eindig vir die eksistensialis met die dood.

Die eksistensiële sin van tyd is die verlede, die onveranderlik-voldengene; die hede is die tydstip van verantwoordelike beslissing neem en die toekoms die terrein vol moontlikhede totdat die dood die eksistensie beëindig.

13. Dengerink, J.D.: Critisch-historisch onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der "Souvereiniteit in eigen kring" in de 19^e en 20^e eeuw; J.H. Kok N.V., Kampen, 1948; p. 16-187.

(13) Bestaan is verantwoordelike beslissinge neem.

Die eksistensiële transendering tot of projeksie-in-God, is die neem van beslissinge volgens vryheidskeuse van die moontlikhede en geleenthede wat die hede bied. Ook die verlede is die resultaat van vroeëre beslissinge uit vrye keuse en wil. Die outonome en soewereine mens as sy eie wetskepper en -gewer is aan homself verantwoordelik, of hy nou ~~hou~~ ^{hou} al die sin van die menslike bestaan van of die ateïstiese of die teïstiese Eksistensialisme handhaaf of nie.

(14) Die intuïtiewe selfkennis.

Jaspers praat van eksistensiële bewussyn, Heidegger van die diepste kennis as verstaan, Sartre van intuïsie en Loen van bestaanswete ¹⁴⁾. Genoemde vier beoog egter dieselfde, nl. 'n sekere selfkennis as onmiddellik gegee, wat met die bestaan saamval. Die inhoud van die intuïtiewe selfbesef „is de zekerheid van ons bestaan als existentie, dat wij onszelf moeten worden in zelfprojectie en zelfkonstitutie“ ¹⁵⁾.

(c) Samevatting en kritiek.

Die Eksistensialisme met sy verteenwoordigers in ateïstiese en teïstiese vorme is niks anders as 'n uitlig en verabsoluttering van die idee van eksistensie as die bestaan van die mens uit die kosmiese samehang,

14. Loen, A.E.: De vaste grond; Uitgeverij H.J. Paris, Amsterdam, 1946.

15. Spier: Calvinisme en Existentie-filosofie, p.179.
 Vgl. Ibid., deel 2, hoofstukke 2 en 3.
 Vgl. Zuidema: De mensch als historie, pp. 23-28.
 Vgl. Zuidema: „Huidige Existentie-filosofie“
 in Studium Generale Syllabus 1946-1947, pp. 87-100.

waarmee die mens homself in sy verhouding tot die medemens en tot God transendeer. Die menslike en die Goddelike bestaan kan nie sonder meer oor een en dieselfde noemer geplaas word nie, en daarom moet die Eksistensialisme in beide vorme verwerp word, afgesien van die waarheidsmomente: antirasioneel of irrasioneel, as 't ware superrasioneel.

7. Die skakel met die scientisties-georiënteerde lewens- en opvoedingsrigtings, wat materialisties, naturalisties, ewolusionisties-biologies, positivisties, pragmatisties, eksperimentalisties en progressivisties is ¹⁾.

(1) Antitese tussen die Eksistensialisme en Scientisme.

Sonder om in die besonderhede te tree merkl ons vooraf op dat sowel die Scientisme as die Eksistensialisme gefundeer is in die Renaissance, waarin die mens homself herontdek as die outonome humanistiese mens, wat tot roeping het om die natuur te beheers.

Die karakteristieke eienskappe van die scientistiese lewens- en wêreldbeskouing is in sy wese 'n verabsolutering van die natuurwetenskap: die natuurgebiede wat deur die mens beheers kan word met die fakkel van die natuurwetenskap in sy hand, verskaf aan hom die absolute geloof daarin, die permanente, weldadige progressie, sekerheid vir die toekoms van die mens. Anders gestel: die positivistiese, tegniese rasioneel georiënteerde denkrigting met sy materialistiese kultuur is die ervaarbare pro-

1. Hobbs, A.H.: Social problems and Scientism; The Stackpole Company, Harrisburg, Pennsylvania, 1953.

dukte van laboratoria, van matematiese funksies: weeg, meet en dokumentasie, van die mikroskoop, ens., wat almal die sekurheidsideaal binne die bereik van elkeen en almal bring. Kortom, die vergoddeliking is 'n uitlig van die natuurgebiede en van die natuurwetenskap uit die totaliteit van die kosmiese saamhang en verband.

Lynreg en radikaal antiteties teenoor die rasioneel kontroleerbare en manipuleerbare aard van die Scientisme staan die Eksistensialisme, wat in sy wese irrasioneel van aard is, reaksie teen die sisteem en vra na die verheldering en die sin van die menslike bestaan soos dit inwendig en geestelik ervaar word. Die Eksistensialisme is 'n uitlig van die menslike bestaan - sy eksistensie - uit die totaliteit van die kosmiese saamhang en die vergoddeliking of verabsoluttering daarvan. Beide lewensrigtings wys 'n sintese van enige aard van die hand.

(2) Die skakel: Eksistensialisme met Scientisme.

Positief is die skakel tussen die twee lewensrigtinge antiteties: rasioneel-irrasioneel.

Die indirekte, die negatiewe skakel word baie duidelik gegee met 'n aanhaling van Röpke: „Now if Renan, Taine and others in spite of their strong leaning towards "scientism" were not disposed to devote themselves wholeheartedly to its ultimate consequences they none the less paved the way all the more to another form of "scientism" namely, "scientism" in the Moral Sciences; to relativism, criticism, scepticism and to the dissolution and nihilism of all moral values. If the "scientism"

of the natural sciences acts like dynamite, that of the moral sciences is like a corrosive acid; the one is destroying our Western civilization from without, the other from within. Of a sterile activism and souldestroying submission to the material world characterises the one, the no less sterile and no less soul-destroying suicide of the spirit through a smug and autocratic intellect characterises the other; one which finally sacrifices the inner certainties no less than the other scientism in face of the "faits brutaux". The one thirsty for domination is externally directed, the other paralysing and destructive looks inward, relativising, analysing, criticising, and dissecting everything which comes within its reach by clinging all the more convulsively to what can be demonstrated "scientifically", i.e., to what can be measured, weighed and documented. Thus the intellect is delivered over powerless to a "scientism" greedy for power and heading for Totalitarianism and Collectivism. Positivism and Relativism hold out a brotherly hand to one another, and that parallel tendency which in Germany emanated from Hegel, leads to exactly the same result. One knows the work of destruction this "scientism" has set going to which finally the intellect itself had to fall victim We know how splendidly this seed has grown up.

Both these streams of scientism - the materialistic and technical and the critico-analytical-combine and lead to the same fatal result; to Inhumanism, Materialism, Collectivism, and Nihilism including its latest form of "Existentialism" which now has been imported from Germany into France. Their final

mass product is the civilized barbarian, the spiritually stark naked savage, but one with a radio and a machine gun and now equipped with an apparatus for splitting the atom, therefore doubly and trebly frightful Finally one would have to say something about the anti-human and indeed anti-christian fatalism and determinism to which scientism of this sort has led mankind after having destroyed their faith in all else; about men who, either as shallow optimists riding upon some "wave of the future" or other, or for whom, as weak-kneed pessimists, life and history have become a sort of wagner opera in which all the songs together are incapable of dispelling our foreboding of the final doom" 2).

Die krisis in waardes 3) die kultuurkrisis 4) in die Westerse beskawing spruit voort uit die . scientistiese denke wat sy pad gebaan het in die geesteswetenskappe. Hierdie lewensrigting kom tot openbaring in die kompleete en alghele instrumentalisasie, funksionalisasie en regimentsisasie van die mensheid. Die menslike samelewing is soos 'n masjien 5) wat gevorm word in die gees van organisasie, van beplanning en van rasionalisasie van die funksionering van die menslike samelewing in universalistiese sin, d.w.s. die „Vermassung“

-
2. Röpke, W.: Civitas Humana. A Humane order of Society; translated from the German by C.S. Fox; William Hodge and Company, Ltd., London, 1948; pp. 65, 71.
 3. Mannheim: Diagnosis of our time n. 12-30.
 4. Vgl. lesings oor Roepingsleer aan die P.U. vir O.H.O.
 5. Röpke: Civitas Humana, p. 63.

van die mensheid waarin die mens en sy lewensvorme en -kringe ondergeskikte, onselfstandige onderdele van die samelewing is. Die resultaat hiervan is 'n proses van kollektivering van die mens tot 'n kollektivisme - erger nog as dit 'n besitterslose mensdom word: die proletariaat.

Dit is in hierdie woestyn dat die grootste gedeelte van die mensheid in die westerse wêreld hulle bevind en krepeer van twyfel, angste en pessimisme. Die implikasie van hierdie bewering word toegeskryf aan die vooruitgangsgeloof en die sekerheidsideaal wat die Scientisme bied, en togelyk die prysgee van die bilare van die klassieke, die godsdiens en die moderne tyd, waarop die huidige beskawing rus. In die plek van die vaste ankers en bindinge in die lewe van en die individu en die samelewing en die kultuur staan nou die kultuur van die positivistiese scientistiese beskawing van die laboratorium en die mikroskoop as die „alomteenwoordige resep“. Die resultaat is 'n „veritable cult of Baal“ : 'n gedehumaniseerde en genadelose wêreld waarin die mens self, deur sy projeksie-in-God, die troon van God bestyg het, terwyl hy voor sy eie noodlot neergebore is ⁶⁾. Kortom, dieselfde gemeenskaplike wortel, nl. die scientisme, in die scientististiese lewensrigting vreet van buite af op meganistiese, benlannende wyse aan die menslike samelewing, en van binne knaag die Scientisme in die geesteswetenskappe aan die mens en sy ankers om die waardes- die religieuse en die kulturele - in 'n smeltpunt van krisis te stort en

6. Van Dyk, R: Enige opmerkings over sosiologie als wetenskap; N.V. Uitgevery R. van Koeve, 'S-Gravenhage/Bandung, 1949; p. 15.

te reduceer tot Nihilisme in 'n gekollektiveerde wêreld waarin die sg. elite moet lei. Dit lei tot godsdienstige, politieke, maatskaplike en wetenskaplike stagnasie en bankrotskap: die tydperk van die sg. onopgevoede geleerdes - die geleerde barbare 7).

(3) Die eksistensialisties-scientistiese lewens-
rigting en sy neerslag op die opvoedingsbeskouing.

Hierdie jongste variasie in die humanistiese lewensrigting het sy neerslag in die opvoedingsbeskouing wat radikaal antiteties teenoor die Calvinisme staan. Opsommend noem ons die volgende prinsipiële teëstellinge wat in 'n bepaalde onderwysstelsel tot openbaring kom:

- (a) In plaas van God as absoluut, selfgenoegsaam, algenoegsaam en die enigste Verklaringsgrond van alles te aanvaar word die ewolusionistiese opvatting gehuldig.
- (b) In plaas van die radikale sondeval, die erfsonde - die sondige aard van die mens - te aanvaar word die naturalistiese, psigologisties-biologistiese en environmentalistiese opvatting van die mens gehuldig: die mens is van nature goed, die kwaad in hom kom as gevolg van erflikheid, terwyl die omgewingsinvloede ellende vir die mens bring.
- (c) In plaas van die verlossing deur Jesus Christus se soenoffer te aanvaar word die selfverlossing van die mens, wat in die middelpunt staan, met die instrument van die Sosiologie, Psigologie en die Biologie uitgewerk, met eksperimente getoets en beplan.

7. Viljoen, J.H.: "Nog groter gevaar as H-bom bedreig beskawing." Die Vaderland, 2 Mei 1955.

Die organisasie en administrasie van die skoolonderwys en opvoeding lê opgesluit in die sosiologistiese opvatting om die skool as instrument te beskou om die vryheid van die mens wat bereik word in en deur die alles-beslissende aktiwiteit van die gemeenskap vir sy vorming as waaragtige volwaardige mens¹¹). In hierdie beplande, beplannende, meganistiese organisasie en manipulasie van die opvoeding en onderwys, met die klem op die Sosialisme (die sosiologisme) in sy uiterste toepassing, is die resultaat 'n basis vir die totalitêre wysgerige siening wat lei tot massifikasie, waar die bindinge aan hoëre lewenswaardes en norme totaal ontbreek. Alle mag en gesag word gekonsentreer in die hande van 'n klein groep mense - die sg. elite -, in wie se doen, late en denke die lewenslot van die mensheid is.

Ten slotte: Die kind staan wel in die middelpunt van die onderwys, maar in die hele beskouing staan die kind en die mens as 'n onselfstandige onderdeel van die menslike samelewing, uit wie, deur wie en tot wie alle dinge is - die enigste verklaringsgrond van alles: die gekollektiveerde proletariese mensheid.

Hierdie afdeling word by die behandeling van ons probleem nader beskou. Dit kan die beste gedoen word teen die agtergrond van ons aanvaarde Calvinistiese lewens- en opvoedingsbeskouing, wat vervolgens ons aandag geniet.

11. Van Dyk: Vrijheid en gebondenheid van de mens in de samenleving; N.V. Gebr. Zomer en Keunings Uitgeversmy., Wageningen; p. 22.